# HOOFSTUK 4

## DIE OMGEWING EN AGTERGRONDSGESKIEDENIS VAN NOORDELIKE GAUTENG

> "The boots of the archaeologist, feet of clay, often appear bogged down in the reality of the past. Would that foot simply pass by leaving an empty trace or would the boots be filled with the person of the archaeologist and with the meaning of the past?" (Ian Hodder, **Reading the past** 1995:xiv).

## 1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die geografiese gebied waarbinne die navorsing gedoen word, as agtergrond uiteengesit. Op hierdie wyse word die gevallestudies binne die konteks van 'n groter geheel geplaas en word klem op die omgewing en historiese raamwerk waarbinne die gevallestudies begryp moet word, gelê.

Met noordelike Gauteng word die gedeelte van die provinsie, noord van die lyn wat deur die 26° Suiderbreedte gevorm word, bedoel. Die noordgrens van die area word min of meer gevorm deur die lyn wat op 25° 20' Suiderbreedte getrek kan word, terwyl die oos- en wesgrens daarvan onderskeidelik min of meer deur die 29ste en 28ste Oosterlengtegraadlyne gevorm word (Acocks 1988). Dit sluit vier landdrosdistrikte in, naamlik Pretoria, Bronkhorstspruit, Cullinan en Wonderboom (figuur 4.1).

Die belangrikste mensgemaakte element in die noordelike gedeelte van Gauteng is die administratiewe hoofstad van die Republiek van Suid-Afrika, Pretoria. Dit vorm ook die kernarea van die studiegebied. Hoewel dit een van die grootste stede in die land is, is Pretoria bekend vir sy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

rustiger, amper landelike atmosfeer (Janse van Rensburg 1994:17). Dit vorm ook saam met Atteridgeville, die mees westelike nedersetting in hierdie gedeelte van Gauteng (Departement van streek- en grondsake 1994:13; S.A. Road Map 1995/6). Ander stedelike gebiede in noordelike Gauteng is Akasia, wat hoofsaaklik 'n industriële gebied is, en Centurion, suid van Pretoria. Laasgenoemde is ook die mees suidelike nedersetting. Drie dorpe word oos van Pretoria aangetref, naamlik Cullinan, wat bekend is vir sy diamante, Rayton en Bronkhorstspruit, wat hoofsaaklik as belangrike boerderygebiede beskou kan word. Bronkhorstspruit en Ekangala is ook die mees oostelike nedersettings, terwyl Hammanskraal, Soshanguve en Mabopane die mees noordelike nedersettings is (Janse van Rensburg 1994:17; Departement van streek- en grondsake 1994:13; S.A. Road Map 1995/6).

## 2. DIE OMGEWING

Omdat noordelike Gauteng 'n relatief klein oppervlakte beslaan en nie altyd afsonderlik van die res van Gauteng beskou kan word nie, sal daar dikwels ook na die res van die provinsie as eenheid met die noordelike gedeelte verwys word.

### 2.1 Geologie

Die geologie van die omgewing word deur 'n kwartsietrug, wat van wes na oos regdeur die gebied lê, gedomineer. Hierdie rug staan as die Magaliesberg bekend. Twee ander prominente kwartsietrûe kom in die westelike gedeelte van die gebied (Pretoria) voor. Die eerste hiervan is suid van die Magaliesberg geleë en bestaan van wes na oos uit die Daspoortrand, Silvertonrand en die Bronberg. Verder suid hiervan lê die derde kwartsietrug wat uit Skurweberg, die Langeberg, Skanskop, Klapperkop en Waterkloofrif bestaan. Dit staan ook as die Timeball hill-reeks bekend (Ward 1993:11; Carruthers 1990:7).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die noorde word die area deur die Bosveldstollingskompleks onderlê (Liebenberg 1999:88). Tussen die Magaliesberg en die tweede reeks, word 'n breë vallei aangetref wat deur Silverton-skalie onderlê word. Die area staan as die Moot bekend. Tussen die tweede reeks en die Timeball hill-reeks, word valleie aangetref wat deur Strubenkop-skalie, Hekpoort-lawa en Timeball hill-skalie onderlê word. In die suide van die gebied, suid van Rooihuiskraal, word die gebied deur die Halfweghuisgraniet onderlê (Ward 1993:11). Die grootste gedeelte van die gebied word deur die Transvaalse opeenvolging onderlê (Bergh 1999:1).

Plooiing en breuke het die onderbreking en herhaling van die kwartsietrûe tot gevolg (Ward 1993:11; Visser 1992a:2). Die sedimente van die Pretoriagroep hel na die noorde en noordooste, wat steil, skerp hellings aan die suidekant en lang, geleidelike hellings aan die noordekant tot gevolg het. Hierdie val is deur die afwaartse indringing van die Bosveldstollingskompleks in die noorde en die opwaartse indringing van die Halfweghuisgraniet in die suide veroorsaak (Ward 1993:11). Die breuke lei ook tot 'n verskeidenheid poorte deur die kwartsietrûe, byvoorbeeld Elandspoort, Daspoort, Hartbeespoort, Derdepoort, Baviaanspoort, ensovoorts (Horn 1996:17-19).

Ander gesteentes in die area wat jonger as die bogenoemde is, sluit die Derdepoort karbonatiet, Franspoort vulkaniese prop, Leeuwfontein en Roodeplaat kompleks, Pretoriase en Lynnwoodse siënietdyke en 'n aantal kimberlietpype in. Diabaas is ook 'n gesteente wat op die kwartsietrûe aangetref word (Ward 1993:11).

As gevolg van die opwaartse indringing van die Halfweghuisgraniet, word die dolomiet en chert van die onderliggende Transvaalse supergroep blootgelê. Omdat dolomiet waterhoudend is, word fonteine, byvoorbeeld by Groenkloof, vrygestel. Op hierdie wyse word 'n verskeidenheid van riviere gevoed om die area van water te voorsien (Ward 1993:11; Visser 1992a:2-3). Hierdie strome is ook

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verantwoordelik vir verskeie nekke in die gebied, byvoorbeeld Hornsnek en Kommandonek (Horn 1996:19).

## 2.2 Klimaat

Die Gauteng provinsie maak deel van die hoëveldse plato van Suid-Afrika uit. Dit het 'n hoogte van gemiddeld 1200 meter bo seespieël (Van Rensburg e.a. 1994:3). Die provinsie bestaan hoofsaaklik uit vlaktes en golwende landskap met heuwels en voetheuwels as hoogste gebiede (Bergh 1999:1).

Die noordelike gedeelte van die provinsie is die warmste gedeelte en het 'n subtropiese klimaat (Van Rensburg e.a. 1994:3). Dit is sowat 2-4°C warmer as die suidelike gedeelte van die gebied (Horn 1996:19). Die winters is koud en die somers warm. Pretoria het 'n gemiddelde jaarlikse temperatuur van 17,5°C, hoewel die maksimum in die somermaande soms meer as 32°C is (Van Rensburg 1994:4).

Dit is 'n droë gebied met 'n oorvloed sonskyn. Reënval vind hoofsaaklik in die somermaande plaas (Van Rensburg e.a. 1994:4) met Januarie as die primêre reënvalmaand. Die gemiddelde jaarlikse reënval wissel tussen 500 en 750 mm (Heyns 1988:8-9; Bergh 1999:2).

## 2.3 Natuurlike omgewing

Die Magaliesberg vorm die belangrikste natuurlike element in die Pretoria-omgewing. Dit strek vanuit die weste dwarsdeur Pretoria en noordelike Gauteng (Van Rensburg e.a. 1994:17). Ander berge van belang in die omgewing is die Pyramidkoppies, Witwatersberg, Daspoortrand, Langeberg, Timeball hills en Bronberg (Krige & Van der Waal 1993:12-13; Theron 1993:20).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Verskeie riviere dreineer die gebied, waarvan die bekendste die Apiesrivier is. Ander riviere en spruite sluit die Moreletaspruit, Pienaarsrivier, Wilgerivier, Hennopsrivier, Sesmylspruit, Bronkhorstspruit, Krokodilrivier en Hondespruit in (Von Breitenbach 1993:6; Krige & Van der Waal 1993:12-13; ).

Die area is hoofsaaklik 'n hoëveldgebied wat gevolglik uit grasveld bestaan (Van Rensburg e.a. 1994:17). Dit vorm ook deel van die kortgras plantegroeisone van Suid-Afrika (Keyter e.a. 1990:7). Die gedeelte noord van die Magaliesberg kan as 'n oorgangsone tussen die hoë- en middelveld beskou word (Von Breitenbach 1993:6). As gevolg van hierdie oorgang na die bosveld, ook genoem die bankeveld (Horn 1996:19), toon Pretoria spesifiek 'n ryke verskeidenheid in plant-, diere- en voëllewe (Lambrechts 1993:10; Marais 1996).

'n Verskeidenheid van plantegroeisones word onderskei. Teen die koeler suidelike hange word onder andere klapperboom, mispel, kiepersol, stamvrug en suikerbos aangetref. Teen die warm noordelike hange groei haakdoring, vaderlandswilg, plataanboom en rooiblaarvye. In die gebied noord van die Magaliesberg word bergsering, tambotie, koraalboom, raasblaarboon, moepel en maroela gevind. Teen die walle van die riviere is witstinkhout, rivierwilger en drolpeer volop. Die vlaktegebied word deur soetdoring, wilde salie, haak-en-steek, witgatboom, karee en ghwarriebos gekenmerk. Ander bekende inheemse bome in die gebied is die noem-noem, rooibos, pendoring, olienhout en blinkblaar-wag-'n-bietjie. Die bekendste boom in die gebied is gewis die reuse wildevyeboom, die Wonderboom, wat as die grootste boom in Suid-Afrika beskou word (Von Breitenbach 1993:6; Anoniem 1992:6-7).

Soogdiere wat vandag in die area aangetref word, sluit die volgende in: krimpvarkies, verskillende spesies skeerbekmuise, 'n uiters rare kruipmolspesie, verskeie vlermuisspesies, nagapies, bobbejane,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

strandwolwe, rooikatte, rooimeerkatte, watermuishonde, otters, groot- en kleinkolmuskejaatkatte, dassies, grysduikers, steenbokkies, 'n verskeidenheid rot- (waaronder rietrotte) en muisspesies, kol-, vlak- en springhase en klaasneuse. 'n Verskeidenheid soogdierspesies wat vroeër vrylik in die area voorgekom het, is weer in natuurreservate hervestig. Hieronder tel witrenosters, buffels, swartwildebeeste, blesbokke, kwaggas en rooibokke (Bronner 1993:8-9; Krige 1992a:19; Carruthers 1990:111-141; Marais 1996). 'n Luiperd is so onlangs soos 1996 in die gebied opgemerk, terwyl leeus vroeër jare volop was (Visser 1992b:18).

Die voëllewe van die gebied toon 'n ryke verskeidenheid. In Pretoria alleen is daar meer as 385 spesies. Hieronder tel kwêvoëls, glansspreeus, witkruisarende, korttone, Kaapse kliplysters, rooiborsvleikuikens, die skaars lysternagtegaal, draaihals, gevlekte ooruile, Europese byevangers, Europese naguile, dikbekwewers, rooireiers, tarentale, witkoluile en selfs jagarende, volstruise, bloukraanvoëls en visarende (Lambrechts 1993:10; Carruthers 1990:142-173; Marais 1996).

Uit bostaande is dit duidelik dat die gebied vanweë sy ryke verskeidenheid natuurlike hulpbronne uiters geskik is om bewaar en ontwikkel te word.

## 2.4 Kulturele omgewing

Soos reeds gesê, vorm Pretoria die kern van noordelike Gauteng. Omdat dit stedelike gebied is, is dit gedurig onderhewig aan verandering. Nuwe uitbreidings word aangelê, infrastruktuur (soos paaie) geskep en ouer geboue met nuwes vervang. Noodwendig het hierdie aktiwiteite 'n bepaalde impak op die omgewing en derhalwe ook op die kulturele omgewing. Om hierdie rede is die wetenskaplike ondersoek van die kulturele omgewing van groot belang, veral ook omdat die Stadsraad van Pretoria die stad as 'n kultuurstad wil bemark en bevorder (Krige & Van der Waal 1993:22).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Gauteng provinsie is die kleinste van die nege provinsies van die RSA, met 'n oppervlakte van 1 881 000 km² of 1,54% van die totale landsoppervlakte. Dit het egter die tweede grootste bevolkingsyfer, naamlik 6 507 000 mense of 17,31% van die totale landsbevolking en is die grootste bydraer tot die Bruto Nasionale Produk, naamlik 37,06% (Departement van streek- en grondsake 1994:13). Die noordelike gedeelte van die provinsie het 'n effens minder hoë bevolkingsdigtheid as die suidelike gedeelte.

Pretoria huisves verskeie geboue van historiese en argitektoniese belang. Hieronder tel die Uniegebou, Voortrekkermonument, Kerkplein se wesfasade, die Stadsaal en die Kynochgebou (Naudé 1993:2; Le Roux 1993:18-19). Die stad huisves ook museums soos die Melrosehuis, Paul Kruger en Sammy Marks Huismuseum en vele meer. Verskeie teaters, waaronder die Staatsteater, kom in Pretoria voor (Van Rensburg e.a. 1994:18; Museums Map 1996:1).

As administratiewe hoofstad word Pretoria deur staatsdiensgeboue en die diplomatieke missies van verskeie lande oorheers. Pretoria staan reeds lankal as 'n opvoedingsentrum bekend. In hierdie verband is die stad die gasheer vir die grootste residensiële universiteit in die land, naamlik die Universiteit van Pretoria. Dit huisves ook die Universiteit van Suid-Afrika, wat waarskynlik die grootste korrespondensie-universiteit ter wêreld is. Verskeie ander tersiêre onderriginstansies word in Pretoria gevind (De Wet 1993:14; Holm 1993:5).

Pretoria is voorts ook die setel van 'n aantal navorsingsinstitute. Hieronder tel die WNNR, Onderstepoort se veeartsenykunde navorsingsinstituut, die RGN en die SABS (Holm 1993:5; Van Rensburg e.a. 1994:18).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 3. AGTERGRONDSGESKIEDENIS

Die noordelike Gauteng het 'n ryk geskiedenis wat tot die vroegste tye terugstrek. Tabel 4.1 gee 'n opsomming hiervan. Omdat dit nie altyd moontlik is om hierdie gegewens los van die res van Gauteng te beskou nie, sal daar soms ook na Gauteng as 'n geheel verwys word.

## 3.1 Voorgeskiedenis (prehistoriese tydperk)

### 3.1.1 Steentydperk

Van die bekendste fossielterreine in die wêreld kom in Gauteng voor. Die fossiele van prehistoriese mensetipes is naby Krugersdorp, by Kromdraai, Sterkfontein, Swartkrans, Gladysvale en Drimolen gevind (Horn 1996:20; Korsman & Meyer 1999:93; Clark 1977:3). Hoewel dit nie in die ondersoekgebied val nie, is dit slegs sowat 50 km daarvan geleë.

Die oudste mensetipe wat hier gevind is, is Australopithecus Africanus, wat selfs ouer as 3 miljoen jaar kan wees. Ander mensetipes sluit Australopithecus Robustus en Homo Habilis in. Hierdie mensetipes word verbind met die vroegste klipwerktuie wat gemaak is (Korsman & Meyer 1999:93; Phillipson 1985:14-16, 29-30).

As daar direk na die ondersoekgebied, naamlik noordelike Gauteng beweeg word, kan die mens se bewoning en benutting van die gebied sover as die Vroeë Steentydperk teruggevoer word. Hoewel menslike skeletmateriaal uit hierdie tydperk nie in die area gevind is nie, is klipwerktuie wat meer as 1 miljoen jaar oud kan wees hier gevind (Volman 1984:181).

Twee Vroeë Steentydperkterreine is bekend in die ondersoekgebied. Die eerste is 'n Vroeë

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 4.1 TYDLYN: NOORDELIKE GEDEELTE VAN GAUTENG**

| **Tydperk** | **Terrein/Gebeurtenis** | |
|---|---|---|
| | Prehistoriese argeologie | Historiese argeologie |
| **Prehistoriese tydperk:**<br>Steentydperk:<br>Vroeë Steentydperk<br>>1 miljoen jaar gelede | WPLM<br>Wonderboom | |
| Middel Steentydperk<br>± 200 000 - 300 000 jaar gelede | Bronberg<br>Erasmusrand | |
| Laat Steentydperk<br>± 40 000 jaar gelede - ca.1850 | Erasmusrand<br>Wonderboompoort<br>Hornsnek | |
| Ystertydperk:<br>Vroeë Ystertydperk<br>± 200 - 900 n.C. | Derdepoort<br>Fonteinedal | |
| Laat Ystertydperk<br>Vroeë fase<br>1 000 - 1 500 n.C. | Wonderboompoort<br>Tswaing | |
| Latere fase<br>1500 n.C. - ca.1850 | Magaliesberg<br>Groenkloof<br>Bronberg<br>Tswaing<br>Wallmannsthal<br>Pyramidkoppies | Hoofman Msi<br>Transvaalse Ndebele |
| **Historiese tydperk:**<br>1827 | | Mzilikazi verjaag Tswanagroepe in die Apiesriviervallei |
| Augustus 1829 | | Robert Schoon & William McLuckie |
| 1829 | | Robert Moffat |
| Oktober 1829 | | James Archbell<br>David Hume |
| Junie 1831 | | Korana val Mzilikazi aan |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | |
|---|---|---|
| Maart 1832 | | J Pellissier |
| Junie/Julie 1832 | | Zoeloes val Mzilikazi aan |
| 1832 | | Mzilikazi verlaat die gebied |
| 1837 | | WC Harris |
| Junie 1839 | | Eerste Blanke vestiging in Gauteng |
| 1841 | | Inspeksie van plase |
| 1848 | | Fourietrek |
| 1853 | | MW Pretorius koop plase Elandspoort en Daspoort |
| 1854 | | Pretoria 'n kerksetel |
| 16 November 1855 | | Pretoria gestig |
| 1858 | | Pretoria regeringsetel |
| 1 Mei 1860 | | Pretoria word hoofstad van die ZAR |
| 1862-1864 | | Burgeroorlog |
| 1864 | | Pretoria munisipaliteit gestig (onsuksesvol) |
| 1872-1877 | | Staatspresident TF Burgers |
| 12 April 1877 | | Brittanje annekseer ZAR |
| Desember 1880-Maart 1881 | | Anglo-Transvaalse Oorlog |
| 1883 | | Staatspresident Paul Kruger |
| 1894 | | Pretoria kry elektrisiteitstelsel en raadsaal<br>Spoorweg na Delagoabaai geopen |
| 1895/6 | | Jameson-inval |
| 1897 | | Pretoria kry munisipale status |
| 11 Oktober 1899 | | Anglo-Boereoorlog breek uit |
| 5 Junie 1900 | | Britse magte neem Pretoria in |
| 31 Mei 1902 | | Vrede van Vereeniging |
| 1902 | | Cullinan gestig |

| | | |
|---|---|---|
| 1903-1904 | | Rayton aangelê |
| 1904 | | Erasmusdorp (Bronkhorstspruit) gestig<br>Lyttleton uitgemeet |
| 1906 | | Orchards tot dorpsgebied verklaar |
| 1908 | | Lyttleton tot dorpsgebied verklaar |
| 31 Mei 1910 | | Unie van Suid-Afrika: Pretoria administratiewe hoofstad |
| 1921 | | Erasmusdorp kry dorpsraad |
| 1929 | | Erasmusdorp se naam word na Bronkhorstspruit verander |
| 1932 | | Premier diamantmyn (Cullinan) gesluit |
| 1935 | | Bronkhorstspruit kry munisipale status |
| 1945 | | Diamantmyn te Cullinan heropen |
| 1947 | | Rayton kry 'n gesondheidskomitee |
| 1960 | | Lyttleton word 'n Stadsraad |
| 1 Julie 1964 | | Lyttleton en Irene amalgameer |
| 1965 | | Eerste dorpsgebied (Rosslyn) word in Akasia geproklameer |
| 1967 | | Lyttleton en Irene se naam verander na Verwoerdburg |
| 1974 | | Orchards tot dorpsgebied geherproklameer<br>Soshanguve gestig |
| 1984 | | Laaste dorpsgebied (Eldorette) in Akasia geproklameer |
| 1985 | | Stadsraad van Akasia kom tot stand |
| 1993 | | Soshanguve kry munisipale status |
| 1994 | | Akasia en Soshanguve word Tswaing (NPMS) |
| 27 Junie 1995 | | Verwoerdburg se naam verander na Centurion |

Acheulterrein by die Willem Prinsloo Landboumuseum naby Rayton (Van Vollenhoven & Carelsen 1994:5 en 23) en die tweede 'n Laat Acheulterrein by Wonderboompoort (figuur 4.2) (Korsman & Meyer 1999:93; Mason 1962:63 en 169-184). Soortgelyke werktuie is wes van Pretoria by die Magaliesrivier en op die suidelike hange van die Magaliesberg gevind (Mason e.a. 1981:310). Vroeë Steentydperkwerktuie is ook noord van die Magaliesberg, in die gebied wat onder Akasia ressorteer, opgetel (Van Schalkwyk e.a. 1994a:8).

Die tweede fase van die Steentydperk, naamlik die Middel Steentydperk, is ook in die gebied verteenwoordig. Hierdie fase strek sover terug as 200 000 jaar gelede (Korsman & Meyer 1999:93). Drie terreine uit hierdie tydperk is binne die ondersoekgebied bekend. Twee hiervan kom in die Bronberg voor (persoonlike mededeling: AJ Pelser). Daar is 'n grot in Erasmusrand, waar Middel Steentydperkwerktuie opgegrawe is (persoonlike mededeling: HP Prinsloo). Middel Steentydperkwerktuie is egter op verskeie ander plekke in die ondersoekgebied opgetel. Hieronder tel die Groenkloof Natuurreservaat (Van Schalkwyk & Moifatswane 1993:7-8), die Akasia-gebied, noord van die Magaliesberg (Van Schalkwyk e.a. 1994a:8), die Willem Prinsloo Landboumuseum (Van Vollenhoven & Carelsen 1994:5), wes van Wonderboomnek (persoonlike mededeling: AJ Pelser) en die Pionier Museum (Van Vollenhoven 1998b:58), terwyl dit ook bekend is dat Middel Steentydperkwerktuie soms in tuine en sypaadjies opgetel word (vergelyk byvoorbeeld Van Vollenhoven 1991:2).

Verskeie Middel Steentydperkterreine is wes van Pretoria, in die Magaliesberg gevind. Hieronder tel Krugergrot en Silkaatsnek (Carruthers 1990:217), sowel as 'n groep rotsskuilings bekend as die Magaliesberg navorsingsgebied (Wadley 1986:55). By die Tswaing meteoorkrater, sowat 50 km noord van Pretoria, is ook Middel Steentydperkwerktuie gevind (Van Vollenhoven e.a. 1993:7). Hoewel die krater in die Noordwes provinsie lê, is dit deel van die Noordelike Pretoriase Metropolitaanse Substruktuur (Akasia-Soshanguve), wat deel van Gauteng uitmaak.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit die Laat Steentydperk, dit wil sê vanaf sowat 40 000 jaar gelede, is daar drie terreine bekend. Eerstens is daar die reeds genoemde grot in Erasmusrand, waar ook Laat Steentydperkwerktuie opgegrawe is (persoonlike mededeling: HP Prinsloo). Tweedens is daar 'n Laat Steentydperkterrein wes van Wonderboompoort (Küsel 1993:13). Die derde terrein kom bo-op die Magaliesberg, oos van Hornsnek, voor (Van Schalkwyk e.a. 1994a:7-8).

Net soos met die vorige fase van die Steentydperk is verskeie werktuie uit die latere fase in die gebied opgetel. Hieronder tel die Groenkloof Natuurreservaat (figuur 4.3) (Van Schalkwyk & Moifatswane 1993:7-8), Donkerhoek (Van Vollenhoven & Carelsen 1994:4), die Akasia-gebied (Van Schalkwyk e.a. 1994a:8) Pienaarspoort (persoonlike mededeling: AJ Pelser), Tswaing meteoorkrater (Van Vollenhoven e.a. 1993:56) en die Pionier Museum (Van Vollenhoven 1998b:58-59). Klipwerktuie uit hierdie tydperk word ook dikwels op sypaadjies en in tuine opgetel (persoonlike mededeling: AJ Pelser). Wes van Pretoria is daar 'n aantal grotte, soos Uitkomstgrot en Skurweberg waar ook Laat Steentydperkwerktuie gevind is (Mason e.a. 1981:310; Horn 1996:20). Die Magaliesberg navorsingsgebied, wes van Pretoria, bestaan uit verskeie rotsskuilings soos Jubileeskuiling, waar Laat Steentydperkwerktuie opgegrawe is (Wadley 1986:55). By Fort Troje naby Cullinan is Laat Steentydperkwerktuie in assosiasie met potwerk gevind (Korsman & Meyer 1999:95).

Die Laat Steentydperk word ook met rotskuns geassosieer. Die Magaliesberg is ryk aan rotskuns (Korsman & Meyer 1999:95). 'n Hele aantal rotskunsterreine is oos en wes van Pretoria gevind (Van Schalkwyk 1993:16). Dit is veral rotsgravures, eerder as rotstekeninge wat in die Magaliesberg aangetref word (Mason 1962:341).

Steentydperkterreine, waarvan die spesifieke fase nie deur die skrywers aangedui word nie, is 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

terrein op die plaas Donkerhoek, tussen Pretoria en Bronkhortsspruit (Pistorius 1990:2) en verskeie vindplekke op die plaas Zwartkoppies, oos van Pretoria (Naudé & Kruger g.d.). Dit is derhalwe duidelik dat die ondersoekgebied reeds sedert die vroegste tye deur die mens benut is.

### 3.1.2 Ystertydperk

In die gedeelte van Afrika suid van die Limpoporivier begin die Ystertydperk kort na die begin van die Christelike jaartelling, omstreeks 200-300 n.C. (Van der Ryst & Meyer 1999:97; Phillipson 1985:177). Slegs een Vroeë Ystertydperkterrein uit die ondersoekgebied is bekend, naamlik 'n terrein by Derdepoort, noord van Pretoria (Nienaber e.a. 1997:15-22). Potwerk uit hierdie periode is ook in die Fonteinedal opgespoor (Van Schalkwyk & Moifatswane 1993:8-9). 'n Vroeë Ystertydperkterrein kom net wes van die ondersoekgebied by Broederstroom voor (Horn 1996:21). Drie ander Vroeë Ystertydperkterreine is naby die Broederstroomterrein opgespoor (Mason e.a. 1981:310).

Vroeër het navorsers ook 'n Middel Ystertydperk aangedui. Vandag word daar slegs 'n Vroeë en Laat Ystertydperk onderskei met 'n datumverdeling van ongeveer 1000-1200 n.C. (Van der Ryst & Meyer 1999:98). Die vroegste Ystertydperkterrein tydens hierdie fase in noordelike Gauteng, is 'n terrein wes van Wonderboompoort (Küsel 1993:13). Geen datering is nog tot dusver op die terrein gedoen nie. Tussen Pretoria en Olifantspoort, wes van Pretoria, is 'n aantal Ystertydperkterreine van die Molokotradisie wat op sowat 1100-1500 n.C. gedateer is, gevind (Van der Ryst & Meyer 1999:99; Mason e.a. 1981:310-311). Hieronder tel 'n terrein by Ifafi (Horn 1996:21). Moloko potwerk (1200 n.C.) is ook by Tswaing gevind (Van Vollenhoven e.a. 1993:14).

Die Laat Ystertydperk is goed verteenwoordig in noordelike Gauteng. Bergh (1999:7) dui aan dat 125 terreine in en om Pretoria bekend is, maar as die inligting uit ander oorde bygesit word, is dit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

heelwat meer. Laat Ystertydperkbewoners het die area op groot skaal sedert 1600 n.C. binnegekom (Delius 1983:12; Horn 1996:23).

Verskeie Laat Ystertydperkterreine kom op die Magaliesberg voor. Drie hiervan kom in die Akasia munisipale gebied voor (Van Schalkwyk e.a. 1994a:9-10). Vier terreine is tussen Wonderboompoort en Derdepoort opgespoor (figuur 4.4) (Naudé & Van Vollenhoven 1992:35-37; Mason 1962:397), terwyl daar ook 'n terrein by Derdepoort geleë is (Naudé & Van Vollenhoven 1992:35). Hierdie terreine dateer uit die tydperk na 1750 (Van Schalkwyk e.a. 1994a:9-10). Mason (e.a. 1981:311) het ook verskeie Laat Ystertydperkterreine in die Magaliesbergvallei gedokumenteer.

Noord van die Magaliesberg is die volgende Laat Ystertydperkterreine bekend: 'n terrein in Rosslyn wat moontlik verwant is aan die kompleks terreine by Onderstepoort en Medunsa (Van Schalkwyk e.a. 1994a:9), verskeie terreine op die plaas Onderstepoort (Van Schalkwyk 1993:16), 'n groot klipboukompleks op die plaas Klipfontein (Van Vollenhoven 1992b:1-10), 'n terrein by Tswaing (figuur 4.5) (Van Schalkwyk g.d.:3), terreine by Pyramidkoppies (Van Schalkwyk 1993:16), 'n terrein naby Medunsa in Garankuwa (persoonlike mededeling: AJ Pelser), 'n terrein in Pretoria-Noord en 'n Ndebeleterrein (Komjekejeke) by Wallmannsthal (Van Vollenhoven 1994b:3). Naby die terrein te Garankuwa is ook rotstekeninge gevind. Dit word "Late White" tekeninge genoem en word met die Tswana verbind (persoonlike mededeling: FE Teichert).

Suid van die Magaliesberg word die volgende Laat Ystertydperkterreine gevind: 'n terrein en rotsgravures op die plaas Mooiplaas (Tobias 1967:25-26; Geldmacher 1967:24), drie terreine op die plaas Hatherley, wat tussen ca 1550 en 1900 dateer (Pistorius 1990:2), verskeie terreine op die plaas Zwartkoppies (Naudé & Kruger g.d.), twee woonterreine en verskeie inisiasieterreine te Bronberg, Zwavelpoort en Tierpoort (persoonlike mededeling: AJ Pelser) en 'n terrein in Erasmusrand

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(persoonlike mededeling: HP Prinsloo). Laat Ystertydperkpotwerk is ook in die Groenkloof Natuurreservaat opgemerk (Van Schalkwyk & Moifatswane 1993:8-9). Klipmure is ook op die plaas Hatherley gevind (Van Schalkwyk & Pelser 1997:9-10).

Uit die bostaande is dit duidelik dat die mens die gebied in 'n groot mate gedurende die Ystertydperk benut het.

## 3.2 Historiese tydperk

Die historiese tydperk is die fase van die mens se geskiedenis waar daar historiese bronne bestaan, waaruit afleidings oor die menslike gemeenskappe uit daardie tyd gemaak kan word (sien hoofstuk 3, punt 4). In Suid-Afrika kan hierdie tydperk in twee fases verdeel word. Eerstens is daar die fase met bronne, geskryf deur persone wat vir 'n relatief kort tydperk kontak met die een of ander ongeletterde gemeenskap gehad het en van buite af daaroor skryf. Hierdie fase sal eerste bespreek word. Hierna word die fase bespreek wat met die permanente vestiging van mense wat oor die vermoë van skrif beskik het, omstreeks 1840 verband hou. Hierdie aspek word in hoofstuk 5 volledig bespreek en daar sal gevolglik met 'n enkele verwysing volstaan word.

Die noordelike Gauteng is reeds in Augustus 1829 deur twee blanke handelsreisigers, Robert Schoon en William McLuckie besoek en hulle kan as die eerste blankes beskou word wat hulle hier bevind het. Teen 1829 bereik die sendeling dr Robert Moffat die gebied wat later as Pretoria bekend sou staan. Die sendeling James Archbell het hom in Oktober 1829 hier bevind (Rasmussen 1978:69). Volgens Changuion (1999:119) is Archbell deur die handelsreisiger, David Hume, vergesel. Sy inligting is afkomstig van sekondêre bronne, sodat dit nis moontlik is om die korrektheid daarvan na te gaan nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Deeglike navorsing ten opsigte van die tradisie en genealogie van ander groepe, het getoon dat die Transvaalse Ndebele, spesifiek die suidelike groepering, die eerste Bantoetaalsprekende groep in die omgewing van die teenswoordige Pretoria was. Die oorspronklike Ndebelestam was reeds vir 'n aantal eeue in die omgewing woonagtig en het voor die aanvang van die 19de eeu met 'n tweede stam verenig. Die oudste Ndebelegeskiedenis gaan terug tot hoofman Msi (Musi) en die genealogie van die Manala (Mahbena) stam, die Ndzundza (Mapoch) stam, die Mathombeni (Kekana) stam en die Hwandastam (Horn 1996:23).

Hoofman Msi het sowat 300-400 jaar gelede in die omgewing gewoon (Horn 1996:23; Visser 1992c:9). Sy twee seuns het die stam in drie groepe, naamlik die Hwaduba, Manala en Ndzundza verdeel (Horn 1996:23). Die Manala het net noord van Pretoria gewoon (Bergh 1999b:108). Die Ndzundza is baie bekend uit die vroeë geskiedenis van die voormalige Transvaal, onder andere vanweë hulle oorlog in 1883 met die Boere (die sogenaamde Mapochoorlog). Laat Ystertydperkterreine noord en wes van Pretoria, met reghoekige huise en mure, kan volgens Junod (1955:65), waarskynlik met laasgenoemde groep verbind word. Hulle het vroeër in die Pretoria-omgewing gewoon (Bergh 1999b:108). Die Hwaduba word ook deur Bergh (1999b:108) onderskei. Hulle het in die omgewing van die samevloeiïng van die Pienaars- en Apiesrivier gewoon en het die taal en kultuur van die Kgatla, 'n Tswanagroep, oorgeneem.

By Wallmannsthal is 'n Berlynse sendingstasie opgerig, waar daar onder andere onder die Ndebele sendingwerk gedoen is (Van Vollenhoven 1994b:3). Die rekords van hierdie sendelinge kan as tipiese dokumente uit die kontakfase tussen blank en swart beskou word.

Die grootste Bantoetaalsprekende groep in die gebied is die Noord-Sotho's, aangevul deur Suid-Sotho's en Tswanas. Ronde hutte met koniese dakke is deel van hulle boukunstradisie en in die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

westelike gebiede is groot statte kenmerkend. Twee Tswanagroepe, die Kwena en Kgatla, het aan die begin van die negentiende eeu noord van Pretoria in die omgewing van die Krokodil-, Pienaars- en Apiesrivier en verder noord en wes gewoon (Bergh 1999b:106). Die ortografieë van die Sotho is deur verskillende sendinggenootskappe geskryf. Klaarblyklik was die Britse sendelinge verantwoordelik vir die Tswana, Duitse sendelinge vir die Noord- en Oos-Sotho en Paryse sendelinge vir die Suid-Sotho (Junod 1955:66-67).

Sommige bronne beweer dat Sothogroepe die Apiesriviervallei voor die koms van die Voortrekkers bewoon het. Omdat daar ook na die Tswana as die Wes-Sotho verwys word, kan daar aanvaar word dat daar van dieselfde groepe gepraat word. Hulle is egter deur Mzilikazi verjaag toe hy in 1825 deur die area getrek het. Hy het vee gebuit, hutte afgebrand, baie mans gedood en die vrouens vir sy impi geneem (Junod 1955:66-68; Punt 1993:2; Peacock 1955:1-3). Nie een van hierdie bronne gee spesifieke bronverwysings nie. Hierdie datum word deur meestes historici verwerp omdat dit op onbetroubare bronne gegrond is (vergelyk Rasmussen 1978:28). Volgens Rasmussen (1978:30, 56-61), Horn (1996:24), Delius (1983:20-21) en Bergh (1999a:111) het Mzilikasi eers in 1827 die gebied binnegekom. Rasmussen se inligting is op primêre bronne, naamlik tydgenootlike dagboeke en briewe gebaseer en word vanweë sy kritiese gebruik daarvan as geloofwaardig beskou. Derhalwe word laasgenoemde datum (1827) aanvaar.

Volgens Rasmussen (1978:61) het Mzilikazi alle gemeenskappe in die gebied aan hom onderwerp. Sommige bronne beweer dat Mzilikazi sy kraal op Meintjieskop gebou het (figuur 4.6) en dat hy nog twee krale by Les Marais en Swartspruit (Pretoria-Wes) opgerig het. Later het hy ook 'n kraal by Silkaatsnek, wes van Pretoria gebou (Peacock 1955:2; Punt 1993:2). Peacock erken dat hy die posisie van krale geskat het op grond van ‘n kaart in die dagboek van R Moffat. Punt maak nie van bronverwysings gebruik nie. Gevolglik moet hierdie inligting bevraagteken word. Ander bronne meld weer dat hy ook 'n kraal by die Wonderboom gehad het (figuur 4.7-4.8) (Carruthers 1990:245).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Potgieter (1959:19) het Mzilikazi naby die noordelike bronne van die Vaalrivier, dit wil sê nie ver van die huidige Pretoria-Noord nie, gewoon. Hy meld voorts dat dr Andrew Smith verskeie verlate statte gevind het toe hy tussen 1834 en 1836 deur die gebied gereis het (Potgieter 1959:17). Potgieter maak ook van Smith se dagboek gebruik, maar doen dit op onkritiese wyse. Omdat die inligting vaag is en nie spesifieke statte meld nie, kan dit egter aanvaar word. Rasmussen (1978:94-96), wat op grond van sy kritiese gebruik van primêre bronne as die mees gesaghebbende bron oor Mzilikazi en die Ndebele beskou kan word, maak ook geensins melding van enige spesifieke stat in hierdie gebied nie. Daar moet dus daarmee volstaan word dat Mzilikazi verskeie statte teen die noordelike hang van die Magaliesberg tussen die Oori- en Elandsrivier opgerig het. Omdat die Ndebele grashutte opgerig het (hulle is 'n Ngunigroep), is die moontlikheid skraal om reste hiervan te vind.

In Junie 1831 het 'n Koranagroep, onder aanvoering van Barend Barendse, vanuit Griekwaland die Mootgebied binnegeval en 10 000 beeste van Mzilikazi geroof. Hulle is deur 'n impi agtervolg en naby Renosterkop, wes van Pretoria, aangeval (Rasmussen 1978:78-81).

Slegs 'n klein hoeveelheid (bronne verskil oor die presiese getal) van Barendse se 1 000 man kon ontvlug. Die ontdekkingsreisiger William Cornwallis Harris, het die terrein in 1837 besoek en dit as 'n Golgota beskryf, besaai met stukke gewere, waens en die gebleikte beendere van mense en perde (Harris 1963:193). Harris het die gebied self besoek en was gevolglik daartoe in staat om dit waar te neem en te beskryf.

In Maart 1832 bring die Franse sendeling Jean-Pierre Pellissier 'n besoek aan Mzilikazi (Rasmussen 1978:85). Later daardie jaar, waarskynlik laat Junie of vroeg Julie, word hy deur Dingane se Zoeloe-impi aangeval (Rasmussen 1978:87-89). Gevolglik het Mzilikazi die gebied in 1832 verlaat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Bergh 1999a:112).

Hierdie gebeure het 'n gebied agtergelaat wat deur die sendeling Robert Moffat, as verlate beskryf is. Geleidelik het die Sothogroepe weer die gebied binnegekom, omdat daar volop water was. Kort hierna het die eerste meer permanente blanke setlaars die gebied betree (Junod 1955:68; Coetzee 1992b:11). Dit lui die tweede fase van die historiese tydperk in.

Omdat hierdie inligting in hoofstuk 5 bespreek word, sal hier met 'n enkele voorbeeld volstaan word. 'n Goeie voorbeeld van 'n bron uit hierdie fase is die eerste inspeksierapport van plase in die Pretoria omgewing, waarna in hoofstuk 5 verwys word. Die rapport is gedateer 1858, maar verwys na 1841 toe die bakens van plase geïnspekteer is. Dit is deur Wm Robinson, landdros van die Rustenburg landdroskantoor, onderteken.

Die name van die plaaseienaars en plase, wat op hierdie rapport aangeteken is, word in tabel 4.2 aangedui (vergelyk Punt 1958:59):

**TABEL 4.2 NAAM VAN PLAASEIENAARS EN PLASE, SOOS OP DIE 1841 RAPPORT AANGEDUI**

| Dokumentno in NAB | Naam van Eienaar | Plaasnaam | Datum geïnspekteer | Ligging |
|---|---|---|---|---|
| RAK 2750:1; RAK 2711 | W Botha | Rhenosterpoort | 3 Augustus 1841 | aan Hennopsrivier |
| RAK 2750:1; RAK 2711 | JJ Kloppers | de Poort | 5 Augustus 1841 | van Magaliesberg |
| RAK 275:1; RAK 2711 | DJJ Oosthuyzen | Wilgesspruit | 8 Augustus 1841 | aan Witwatersrand |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| RAK 2750:1; RAK 2711 | D Botha<br>Jan D Cronje | de Weyde Hoek | 8 Augustus 1841 | aan Witwatersrand |
| RAK 2750:1; RAK 2711; RAK 2434, no 459 | DJ Erasmus de Oude | Swartkop | 8 Augustus 1841 | aan Sterkspruit |
| RAK 2750:1; RAK 2434, no 460 | Daniel Elardus Erasmus | Doornkloof | 9 Augustus 1841 | aan Sterkspruit |
| RAK 2750:2; RAK 2711; RAK 2434, no 461 | Susanna Magretha Jacobs<br>Weduwee Erasmus | Rietvalley | 9 Augustus 1841 | aan Sterkstroom |
| Rak 2750:2; RAK 2434, no 580 | Susara Jo Bronkors<br>Weduwee Holstuyse | Garsvontyn | 9 Augustus 1841 | aan Bronsberg |
| RAK 2750:2; RAK 2711; RAK 2991:631; RAK 3005:457 | Lucas C Bronkors | Groenekloof | 9 Augustus 1841 | aan distrik van Magaliesberg |
| RAK 2750:2; RAK 2711 | Erasmus de Oude | Wonderboom | 10 Augustus 1841 | aan die tweede poort van die Magaliesberg |
| RAK 2750:2; RAK 2711 | Susara Magritha Jacobs<br>Weduwee Erasmus | de onderste Poort | 10 Augustus 1841 | aan sy van Magaliesberg |
| RAK 2750:2 | FA Strydom | Oliphants Vontyn | 10 Augustus 1841 | bovenend van Vaalspruit |
| RAK 2990:269; RAK 3001:443 | G Bronkors | Eylands Poort | 10 Augustus 1841 | bovenpunt van Sandrivier |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| RAK 2750:3 | Helena Hennop Weduwee | Hennops Rivier | 7 Augustus 1841 | Witwatersberg |
| RAK 2750:3; RAK 2711 | FA Strydom | Swart Kop | 7 Augustus 1841 | Kant van Witwatersberg |
| RAK 2750:3; RAK 2711 | H Wolmarans Jan Jacobs M zoon | Spets Kop | | Witwaterspoort |
| RAK 2750:4; RAK 2711 | F Wolmarans F zoon C Vroneman | doornhoek | 5 Augustus 1841 | Tussen Magaliesberg en Witwatersberg |
| RAK 2750:4; RAK 2711 | G Wolmarans Hans E Erasmus | Elandsfontein | 6 Augustus 1841 | aan sy van Magaliesberg |
| RAK 2750:4; RAK 2711 | DJJ Oostuyse | Rietfonteijn | 6 Augustus 1841 | aan sy van Magaliesberg |
| RAK 2750:5; RAK 2711 | Jan Prengel | Flaakplaats | 10 Augustus 1841 | aan Sterkspruit |
| RAK 2750:5; RAK 2711 | Gerhardus Dirk C Kotsee | Cameelvontyn | 11 Augustus 1841 | aan ander sy van Magaliesberg |
| RAK 2750:5; RAK 2711 | PL Venter Ja zoon | Elandsvontyn | 11 Augustus 1841 | in die Swart koppies agter Magaliesberg |
| RAK 2750:5; RAK 2711 | Stephanus Kruger de Oude | Kaffersnek | 12 Augustus 1841 | agter aan Magaliesberg |
| RAK 2750:5; RAK 2711 | DG Kruger C zoon | Krokodils drift | 12 Augustus 1841 | agter Magaliesberg |
| RAK 2750:5; RAK 2711 | F du Plessies | Dassies Poort | 15 Augustus 1841 | in Witwatersberg |
| RAK 2750:5; RAK 2711 | Jacobus Schepers de Oude | Dwarsvalley | 20 Augustus 1841 | suid sy van Witwatersberg |

Sommige van hierdie plase is reeds voor 1840 aangelê (Bergh 1999a:129; Horn 1996:24). Hierdie inligting stem ooreen met 'n argivale dokument, naamlik NAB, RAK 2750, waarvan die egtheid nie onder verdenking is nie, en word dus as korrek aanvaar. Omdat dit inligting uit die aktekantoor is en juis die aanvra, aankoop en oordrag van plase moes aandui, kan aanvaar word dat dit korrek is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie aspek sal in hoofstuk 5 meer breedvoerig bespreek word.

### 3.3.1 Pretoria

Die eerste groot vestiging van mense in die historiese tydperk vind omstreeks 1841 in die omgewing van Pretoria plaas (vergelyk tabel 4.2). Sommige bronne beweer dat dit met die koms van die Fourietrek in 1848 was (Rex 1960:14; Preller 1938:16). Hoewel Potgieter (1959:53) ook aandui dat blankes sedert 1848 hier gewoon het, sal dit in hoofstuk 5 duidelik blyk dat dit reeds vroeër was. Potgieter gee egter nie 'n bronverwysing hiervoor nie en daar moet aanvaar word dat hy bloot na die Fourietiek verwys.

Hierdie vestiging het die moontlikheid daargestel om 'n nuwe dorp te stig. Die aanstelling van AP van der Walt as veldkornet in hierdie omgewing op 19 Maat 1852 kan as 'n belangrike stap vir die uiteindelike stigting van 'n dorp beskou word (Rex 1960:30).

In 1853 dien daar 'n mosie voor die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) om 'n sittingsplek vir die Volksraad in die middel van die land daar te stel (Pelzer 1950:143; Breytenbach 1950: 456). In hierdie stadium was Marthinus Wessel Pretorius, seun van kommandant-generaal Andries Pretorius, die leidende figuur in die Pretoria-omgewing (Peacock 1955:48). In 'n verslag aan die Volksraad stel hy twee plase, geleë aan die Apiesrivier, vir die stig van 'n dorp voor. Volgens sy verslag was die plase van aansienlike omvang met baie gelyke grond vir bouterreine en volop goeie drinkwater. Die voorstel is deur die Volksraad afgekeur. Hierop het Pretorius self die twee plase Elandspoort en Daspoort aangekoop (Pelzer 1950:143; Du Preez 1978:7). Volgens Rex (1960:38) was Pretorius tot so 'n mate daarvan oortuig dat die plase geskik was dat hy dit aangekoop het. Die Volksraad het eers hierna, in September 1853, die voorstel afgekeur (Rex 1960:40; Van Jaarsveld 1982b:8-9).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die gevolg van die groter inwonertal in die omgewing het daartoe gelei dat 'n kerksetel in 1854 gevestig kon word en daar is begin om 'n kerk op te rig op die plek wat vandag as Kerkplein bekend staan. Die gemeente het die naam Pretoria Philadelphia (Pretorius broederskap) gedra. Daar is soms na die plek as 'n dorp verwys en die name Pretoriusdorp, Pretoriusstad en Pretorium is daarvoor gebruik (Rex 1960:47-48). Breytenbach (1951:13) publiseer 'n weergawe van die oorspronklike Volksraadsbesluit in hierdie verband, wat op 7 Junie 1854 te Rustenburg geneem is. Daar was wel aanvanklike besware geopper teen die stig van 'n dorp in hierdie gebied (Breytenbach 1950:448-449), maar die burgers van Suikerbosrand het voortgegaan om te versoek dat 'n dorp op die plaas Elandspoort gestig moet word (Breytenbach 1950:485-486).

Op 16 November 1855 keur die Volksraad die stigting van 'n dorp goed en die naam Pretoria word daarvoor aanvaar (NAB, ZAR 25/1:30; Jeppe & Kotzé 1887:30; Breytenbach 1951:116; Pelzer 1950:145). Die naam Pretoria, is die vroulike vorm van die van Pretorius in Latyn (Rex 1960:101; Preller 1938:56). Rex gee 'n volledige uiteensetting van die ontstaan en betekenis van die naam Pretoria. Die dorp is vernoem na Andries Pretorius, kommandant-generaal van die ZAR en aanvoerder van die Voortrekkers by die Slag van Bloedrivier (Engelbrecht 1955:6; Rex 1960:78-79).

Die Volksraad besluit in 1858 dat Pretoria die regeringsetel sou word, met ander woorde dat die Volksraad daar gesetel sou wees. Potchefstroom sou steeds die hoofstad van die ZAR wees ( Jeppe& Kotzé 1887:36; Breytenbach 1951:498. Op 1 Mei 1860 word Pretoria die hoofstad van die ZAR (Jeppe & Kotzé 1887:137; Van Jaarsveld 1982b:10).

Die dorp moes gefinansier word deur erwe te verkoop. Om hierdie rede het Andries Francois du Toit die dorp uitgemeet. Hy is ook tot landdros vir Pretoria verkies (Pieterse 1942:21-24). Van die bekende inwoners van Pretoria gedurende die beginjare (vyftiger- en sestigerjare) was Hendrik en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jacobus (Kootjie) Vermeulen, Andries van der Walt (veldkornet), Joachim (JJP) Prinsloo (Volksraadslid), Philip Bronkhorst, Stephanus Meintjies (eerste registrateur van aktes), kaptein Johan HM Struben (staatsekretaris), Stephanus Schoeman (kommandant-generaal), William Skinner (landdros), Jan Visagie (staatsekretaris), AF Schubart (privaatsekretaris van president MW Pretorius), advokaat BCE Proes (staatsekretaris) en Hendrik Stiemens (onderwyser) (Ploeger 1955:196; Engelbrecht 1955:10).

Pretoria het geleidelik gegroei in hierdie tydperk en 'n posdiens, skool, regeringsgeboue en handelaarssake is opgerig (Peacock 1955:60-73). In 1862 breek die burgeroorlog in die ZAR uit. In hierdie stryd wat tot 1864 geduur het, het Paul Kruger, die latere staatspresident, 'n belangrike rol gespeel. Hy het Pretoria by verskeie geleenthede besoek om die leier van die opposisie, kommandant-generaal Stephanus Schoeman, teë te gaan. Schoeman was ontevrede oor die aanstelling van eers JH Grobler en later WC Janse van Rensburg, as waarnemende president, na die bedanking van MW Pretorius. Die geskil is opgelos toe Pretorius as president van die Vrystaat bedank het en as president van die ZAR herkies is (Peacock 1955:74-81).

In 1864 word 'n munisipaliteit in Pretoria gestig, hoewel die bestuur van die dorp in dieselfde jaar weer deur die regering oorgeneem is (Gey van Pittius 1955:45). Vanweë die toename in aktiwiteite in die sewentigerjare het Kerkplein te klein geword, sodat dit in 1879 as markplein vervang is met 'n plein verder oos op die hoek van Kerk- en Van der Waltstraat (Pieterse 1942:23; Peacock 1955:91; vergelyk ook hoofstuk 6).

Van 1872 tot 1877 was Thomas Francois Burgers die staatspresident. Deur sy toedoen is 'n koerant, De Volksstem, en 'n muntstelsel begin, hoewel laasgenoemde nie suksesvol was nie (Peacock 1955:97). In hierdie tyd is onderwysstandaarde ook verhoog en daar is begin met onderhandelinge

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir 'n spoorlyn na Delagoabaai (Peacock 1955:97-126). Bekende Pretoria-inwoners in hierdie tyd was onder andere Jan F Celliers (koerantman), TW Beckett (handelaar), dr JH Roorda-Smit en dr EJP Jorissen (staatsprokureur) (Engelbrecht 1955:22).

Die ZAR word in April 1877 deur Brittanje geannekseer. Dit lei tot die Anglo-Transvaalse Oorlog wat in 1881 beëindig is, na die Boere se oorwinning by Amajuba (Peacock 1955:101, 172).

Paul Kruger word in 1883 tot president van die ZAR verkies. Hy sou die leidende figuur in Pretoria bly tot met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 (Peacock 1955:179-180). Pretoria beleef in hierdie tyd vinnige groei. Hieronder tel die totstandkoming van 'n onafhanklike munisipaliteit in 1897, oprig van die raadsaal en ander geboue, installering van 'n elektrisiteitstelsel in 1894 en die opening van die spoorweg na Delagoabaai (Gey van Pittius 1955:50; Peacock 1955:180-210). Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 het ook 'n groot bydrae tot die groei van Pretoria gelewer (Engelbrecht 1955:26). Bekende inwoners van Pretoria in hierdie tyd was PJ Potgieter (burgemeester), die predikante AJ Begemann en MJ Goddefroy, Edward Bourke, WE Bok (staatsekretatris), dr JWB Gunning (direkteur van die Staatsmuseum), Sytze Wierda (staatsargitek) en PJ Joubert (kommandant-generaal) (Ploeger 1955:213, 217 en 222; Punt 1955:267; Pelzer 1955:324).

Na die Jameson-inval van 1895/6 is aandag gegee aan die militêre opbou van die Republiek, met die oog op 'n moontlike militêre konfrontasie met Brittanje (Spies 1955:98-102). Op 11 Oktober 1899 breek die oorlog uit en op 5 Junie 1900 neem die Britse magte Pretoria in (Peacock 1955:318, 330). Tot aan die einde van die oorlog op 31 Mei 1902 is Pretoria deur 'n militêre regering beheer (Spies 1955:104). Die oorlogstydperk was egter 'n stil fase in die geskiedenis van Pretoria (Peacock 1955:338). Tydens die oorlog was RK Loveday die burgemeester van Pretoria.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tussen 1902 en 1910 is die grondslag in Pretoria gelê vir die lewering van munisipale dienste aan die stad se inwoners (Gey van Pittius 1955:58-60). Op 31 Mei 1910 kom die Unie van Suid-Afrika tot stand, met Pretoria as administratiewe hoofstad. Hierdie funksie het gelei tot die oprig van staatsgeboue, soos die Uniegebou, wat 'n onlosmaaklike kenmerk van Pretoria is (Stadsraad van Pretoria g.d.:2).

Elders in hierdie hoofstuk (punt 2.4) word daar aandag aan die Pretoria van vandag gegee. Daar sal gevolglik nie nou verder hierop ingegaan word nie.

### 3.3.2 Cullinan

Die dorp Cullinan het in 1902 ontstaan. Dit is op die plaas Elandsfontein uitgelê. Die stigting van die dorp hou direk verband met die ontwikkeling van die Premier-diamantmyn. Die dorp is vernoem na sir Thomas Major Cullinan, stigter van die myn.

Voor die dertigerjare het die dorp vinnig ontwikkel. In 1932 is die myn gesluit, gepaardgaande met die depressie in die land. Slegs 'n klein hoeveelheid inwoners het in die dorp agtergebly, hoofsaaklik om onderhoudswerk aan die myn te behartig.

In 1945 is die myn heropen en Cullinan het 'n tweede bloeitydperk beleef. Verskeie mense van die plase in die omgewing is hier van werk voorsien, om sodoende die moeilike omstandighede na die Tweede Wêreldoorlog te bowe te kom (Carelsen 1995:3-5).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.3.3 Rayton

Die Montrose Diamond Company het die dorp Rayton tussen 1903 en 1904 aangelê. Die dorp is na die vrou van een van die algemene bestuurders van die myn, Rachel Ray Walliston, vernoem. Die dorp het ontwikkel as gevolg van die diamantmynbedrywighede aldaar.

Tussen 1930 en 1936 is baie mense na die dorp gelok, omdat erwe goedkoop beskikbaar gestel is. Met die sluiting van die Premiermyn op Cullinan in 1932, het verskeie mense na Rayton verhuis.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog is die Zonderwater krygsgevangenekamp te Rayton gevestig. Die ambagte van die krygsgevangenes is deur die plaaslike inwoners benut. In 1947 kom die Raytonse gesondheidskomitee tot stand. Dit was die begin van 'n vorm van munisipale bestuur in die dorp (Carelsen 1995:5).

3.3.4 Bronkhorstspruit

Cornelius Johannes Gerhardus Erasmus het in 1904 'n dorp op die plaas Hondsrivier laat opmeet. Die dorp is aanvanklik Erasmusdorp genoem, maar in 1929 is dit na Bronkhorstspruit verander. Die naam verwys na 'n spruit in die dorp waar die eerste veldslag van die Anglo-Transvaalse Oorlog (1880-1881) plaasgevind het. Die veldslag staan bekend as die slag van Bronkhorstspruit.

In 1921 word 'n dorpsraad vir Bronkhorstspruit gestig. Die munisipaliteit van Bronkhorstspruit het in 1935 tot stand gekom. Die dorp het gou tot een van die belangrikste dorpe in die omgewing ontwikkel, vanweë sy goeie ligging tussen Pretoria en Middelburg. Tussen 1938 en 1939 is die pad tussen Pretoria en Middelburg geteer, wat bygedra het tot die ontwikkeling van Bronkhorstspruit. Die dorp is gevestig as 'n belangrike setel vir die boerderygemeenskap met die stigting van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Oostelike Transvaal Koöperasie op die dorp in die dertigerjare (Carelsen 1995:5-9).

3.3.5 Die Noordelike Pretoriase Metropolitaanse Substuktuur (NPMS)

Met die uitbreiding van Pretoria het mense hulle al meer noord van die Magaliesberg gevestig. 'n Gedeelte van die NPMS staan as Akasia bekend. Die gebied is op twee plase aangelê, naamlik Hartebeesthoek 303 JR en Witfontein 301 JR.

Die eerste plaaseienaar van Hartebeesthoek was Michiel Frederik Horn (junior), wat die plaas op 29 November 1858 geregistreer het. JLJ Pretorius was die eerste eienaar van Witfontein en het die plaas op 11 Mei 1860 geregistreer (Van Schalkwyk e.a. 1994b:4).

Mettertyd het verskeie blanke woongebiede hier ontwikkel. In 1906 word Orchards tot dorpsgebied verklaar, maar geen suksesvolle dorpsontwikkeling vind hier plaas nie. In 1974 word dit weer eens tot dorpsgebied verklaar. Ander dorpsgebiede wat hier geproklameer word, is soos volg: Rosslyn (1965), Karenpark (1971), Hesteapark (1973), Clarina (1973), Theresapark (1973), Heatherdale (1974), Chantelle (1974), Ninapark (1974), Rosslyn-oos (1975), Klerksoord (1983) en Eldorette (1984). Rosslyn het tot 'n industriële gebied ontwikkel, terwyl die ander dorpe vir residensiële doeleindes benut word (Van Schalkwyk e.a. 1994b:17-18). In 1985 kom die Stadsraad van Akasia tot stand, met die samesmelting van genoemde dorpe (persoonlike mededeling: WJ van Vollenhoven).

In 1974 word Soshanguve, noord van Akasia, gestig as voorstad van Mabopane. Dit was vir 'n tyd lank deel van die voormalige Bophuthatswana, maar het in 1983 weer deel van die RSA geword. In 1993 kry die dorp volle munisipale status (Dreyer 1997:3).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1994 word die twee gebiede geïntegreer en daar word besluit op die naam Tswaing (Dreyer 1997:3). Dit verwys na die Soutpan wat net noord van Soshanguve aangetref word. Vandag staan dit as die NPMS bekend.

3.3.6 Centurion

In 1889 koop AH Nellmapius 'n groot gedeelte van die plaas Doornkloof van Daniël en Stephanus Erasmus, van die eerste inwoners van die gebied. Nellmapius het met verskeie sakebelange begin. Hy vernoem die westelike gedeelte van die plaas na sy dogter, naamlik Irene. Na sy dood word Irene Estate aan JA van der Byl verkoop.

Van der Byl het grootskaalse verbeteringe aangebring en het ook wild en beskermde voëlsoorte aangehou. As gevolg van die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), kon hy sy droom om met dorpstigting te begin, eers hierna vervul (Pienaar g.d.:5-6; Verwoerdburg City Council g.d.:4).

In 1904 is die area bekend as Lyttelton, op 'n gedeelte van die plaas Droogegrond van 'n mnr Ball uitgemeet (Pienaar g.d.:6). Die gebied is in 1908 tot dorp verklaar en is na genl sir Neville Lyttelton vernoem. Teen 1938 het die inwoners slegs 30 siele getel. Beide dorpe se ontwikkeling is in die hand gewerk deurdat die spoorlyn tussen Johannesburg en Pretoria daar deurloop.

Lyttelton stig in 1950 'n onafhanklike gesondheidskomitee. In 1955 word dit met 'n dorpsraad en in 1960 met 'n stadsraad vervang. Op 1 Julie 1964 amalgameer die gebied met Irene. Die naam Verwoerdburg word in 1967 aanvaar, ter ere van die voormalige Eerste Minister, dr HF Verwoerd (Pienaar g.d.:6-7; Verwoerdburg City Council g.d.:4-5). Op 27 Junie 1995 is die naam na Centurion verander, vernoem na die krieketstadion in die stad, Centurionpark (persoonlike mededeling: A Evans).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 4. SAMEVATTING

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat noordelike Gauteng 'n gebied met 'n ryke historiese erfenis is. Hierdie erfenis strek so ver terug as die Vroeë Steentydperk en sluit alle fases van die mens se geskiedenis in Suidelike Afrika in. Dit is 'n geskiedenis vol interessanthede, terwyl die stad Pretoria as kern van die gebied, steeds daagliks geskiedenis maak. Omdat dit die kernarea in die gebied is, en ook oor die langste chronologie in die historiese tydperk beskik, is daar meer aandag aan Pretoria gegee. Daar is ook veel meer bronne oor Pretoria beskikbaar as oor enige van die ander gebiede, soos duidelik uit die bronnelys blyk. In die lig van hierdie feite word die res van hierdie studie aangepak. Tabel 4.3 is 'n tydlyn waarin aangedui word hoe die spesifieke gevallestudies wat in hierdie studie benut is, in die konteks van die groter geheel inpas.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 4.3 TYDLYN VAN DIE GEVALLESTUDIES EN VERWANTE GEBEURTENISSE IN HIERDIE STUDIE**

| DATUM | Gevallestudie/gebeurtenis | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bronkhorst-ruïne | Kerkstraat-watervoor | Melrosehuis se voetpaadjie | 1913-huis | Edwardiaanse huis | Pretoria watervore | Pretoria waterpype | Pioniersfase | Victoriaanse fase | Edwardiaanse fase | Melrosehuis | Kaalfontein 513 JR | Hartebeestpoort 328 JR | Groenkloof 358 JR |
| 1840 | 1839 ¦ | | | | | | | ↓ | ¦ | | | | | 1840 |
| 1845 | 1848 | | | | | | | ↓ ↓ | ¦ | | | | | ↓ ↓ |
| 1850 | ↓ | | | | | | | ↓ | ¦ | | | | 1848 | ↓ |
| 1855 | ↓ | | | | | | | ↓ | ¦ | | | | a ↓ 1853 | a ↓ |
| 1860 | ↓ | | | | | 1854/5 | | ↓ | ¦ | | | 1859 | ↓ | ↓ ↓ |
| 1865 | ↓ | | | | | ↓ | | ↓ 1870 | ¦ 1870 | | | ↓ | ↓ b ↓ | ↓ |
| 1870 | ↓ | | | | | ↓ | | ¦ | ↓ | | | ↓ | ↓ | ↓ |
| 1875 | 1874 | | | | | ↓ ↓ | 1877 | ¦ | ↓ | | | ↓ ↓ | 1874 ↓ | 1874 b ↓ |
| 1880 | | | | | | ↓ | ¦ | | ↓ | | | ↓ | ↓ | 1877 |
| 1885 | | | | | | ↓ ↓ | ¦ | | ↓ ↓ | | 1886 | ↓ ↓ | ↓ | ↓ ↓ |
| 1890 | | | | | | ↓ | 1890 | | ↓ | | a ↓ | ↓ | c ↓ ↓ | ↓ |
| 1895 | | 1892 (1898) | 1895 | | | ↓ | ↓ | | ↓ | ¦ | ↓ | a ↓ | ↓ | c ↓ |
| 1900 | | ↓ | ↓ | | | ↓ ↓ | ↓ ↓ | | ↓ 1900 | 1900 | 1900 b ↓ | ↓ ↓ | ↓ ↓ | ↓ 1902 |
| 1905 | | ↓ | ↓ 1905 | | | ↓ | ↓ | | | ↓ 1910 | 1902 | ↓ | ↓ | |
| 1910 | | 1910 | | 1913 ↓ | | 1913 | ↓ ↓ | | | | ↓ ↓ | ↓ ↓ | ↓ ↓ | |
| 1915 | | | | a ↓ | | | ↓ | | | | c ↓ | ↓ | 1922 | |
| 1920 | | | | ↓ | 1919 | | ↓ | | | | ↓ ↓ | ↓ ↓ | d ↓ | |
| 1925 | | | | 1927 | ↓ | | ↓ | | | | | | ↓ | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


| | | Gevallestudie/gebeurtenis | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Bronkhorst-ruïne | Kerkstraat-watervoor | Melrosehuis se voetpaadjie | 1913-huis | Edwardiaanse huis | Pretoria watervore | Pretoria waterpype | Pioniers-fase | Victoriaanse fase | Edwardiaanse fase | Melrose-huis | Kaalfontein 513 JR | Hartebeestpoort 328 JR | Groenkloof 358 JR |
| | 1930 | | | | | ↓<br>↓ | | ↓<br>↓ | | | | ↓<br>↓ | ↓<br>↓ | ↓<br>↓ | |
| | 1935 | | | | | ↓ | | ↓ | | | | ↓ | ↓ | 1939 | |
| | 1940 | | | | | ↓<br>↓ | | ↓<br>↓ | | | | ↓<br>↓ | ↓<br>↓ | ↓<br>e ↓ | |
| | 1945 | | | | 1945 | ↓ | | ↓ | | | | ↓ | ↓ | ↓ | |
| | 1950 | | | | ↓<br>b ↓ | ↓<br>↓ | | ↓<br>↓ | | | | ↓<br>↓ | ↓<br>↓ | ↓<br>↓ | |
| | 1955 | | | | ↓<br>1959 | ↓ | | ↓ | | | | ↓ | ↓ | 1961 | |
| | 1960 | | | | | 1961 | | ↓<br>↓ | | | | ↓<br>1968 | ↓<br>↓ | ↓<br>f ↓ | |
| | 1965 | | | | 1966<br>↓ | | | ↓<br>↓ | | | | d ↓<br>1971 | ↓<br>↓ | ↓<br>1973 | |
| | 1970 | | | | ↓ | | | ↓ | | | | e ↓ | ↓ | g ↓ | |
| | 1975 | | | | c ↓<br>↓ | | | ↓<br>↓ | | | | ↓<br>↓ | ↓<br>1976 | 1975<br>h ↓ | |
| | 1980 | | | | | | | ↓ | | | | ↓ | b ↓ | ↓ | |

# 5. FIGURE

**Figuur 4.1** Kaart van Gauteng. Die vier landdrosdistrikte van Pretoria, Bronkhorstspruit, Cullinan en Wonderboom vorm die noordelike gedeelte van Gauteng (Coepeen e.a. 1996)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# MAGISTERIAL DISTRICTS PROVINCE OF GAUTENG




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 4.2** Die Laat Acheulterrein te Wonderboom, soos dit vandag daar uitsien. Dit is waarskynlik die bekendste Vroeë Steentydperkterrein in Pretoria.



**Figuur 4.3** 'n Grot in die Groenkloof natuurreservaat waar Laat Steen- en Ystertydperkartefakte gevind is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 4.4** Laat Ystertydperkterrein op die Magaliesberg.



**Figuur 4.5** Laat Ystertydperkterrein by Tswaing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 4.6** Meintjieskop, soos dit vandag daar uitsien. Bo en behalwe die Uniegebou, is verskeie klipterrasse en -paadjies uitgelê. Geen spoor van Mzilikazi se kraal kon gevind word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 4.7** Die Wonderboom. Geen teken van Mzilikazi se vestiging is vandag hier sigbaar nie.



**Figuur 4.8** Klipmure is suid en wes van die Wonderboom teen die berghang gevind. Dit is onbekend of dit met die vestiging van Mzilikazi verbind kan word

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA